



# Rymwoorde



1. Verduidelik aan die leerder dat woorde rym as die laaste twee klanke (nie letters nie) dieselfde is. Bv. oog en boog.  
Nog voorbeelde: muis en huis; man en pan; boek en koek; toon en woon.
2. Kom ons maak nog rymwoorde! Kan jy aan een dink?  
kat, lat, vat, \_\_\_\_\_  
leer, peer, veer, \_\_\_\_\_  
hen, pen, ken, \_\_\_\_\_
3. Sê elke woord en laat die leerder sê watter klank hy/sy aan die begin hoor.
4. Voltooi die rympie:
  - a) Daar is 'n **vuur** langs die \_\_\_\_\_ (muur)
  - b) Die **vrou** val \_\_\_\_\_ (flou)
  - c) Gooi die **tak** in die \_\_\_\_\_ (sak)
  - d) Die **man** se naam is \_\_\_\_\_ (Jan)
  - e) Ek **soek** my nuwe \_\_\_\_\_ (boek)
  - f) Die **kat** spring oor die \_\_\_\_\_ (lat)
5. Probeer om jou eie sinne te maak met woorde wat rym.
6. Watter word rym nie?
  - a) val, sing, bal
  - b) drie, nie, sneeu
  - c) jaar, lag, tien
  - d) toon, sê, boon
  - e) son, mond, hond
  - f) kat, huis, mat
  - g) leer, bak, rak
  - h) dak, sak, Jan
  - i)
7. Sê al die woorde waaraan jy kan dink wat rym met...
  - a) ... kat (mat, lat, vat, rat ...)
  - b) ... ring (sing, ding, bring ...)
  - c) ... pit (sit, wit, rit, lit ...)
  - d) ... leer (peer, veer, weer ...)
  - e) ... pou (trou, wou, hou ...)
8. Nog rym woorde: blom en som; vis en kis; pet en net; haas en kaas.